## 27 April Johannes 21:1-6 (21:4)

### *Die verborgene*

In 1 Koningss 8:12 sê Salomo: "Die Here het gesê dat Hy in donkerheid wil woon". So het God sy heerlikheid tot by sy intrek in die tempel in 'n wolkedonkerheid toegehou. As Christus die dood oorwin, Hy het opgestaan, dan is Hy 'n verheerlikte, maar ook 'n verborge Christus aan die beweeg. Maria, die een van Magdala, sy het Hom vlak voor haar oë gesien, maar Hom nie herken nie en so loop die Emmaüsgangers twee ure met Hom saam en hulle herken Hom nie dadelik nie. In die vroeë oggendure van die dissipels se vrugtelose nag sonder enige vangs by die Tiberiassee, begin die Here daardie oggend ook nie met 'n openbaring nie, maar met 'n verborgene. Die Here staan naby hulle, aan die seestrand, maar hulle het nie geweet dat dit Hy is nie. Maria se trane, die Emmaüsgangers se konsentrasie, die afstand van die skip na die strand, het dit elke keer Jesus onherkenbaar gemaak?

Nee, die onherkenbare Jesus, daaragter het die Here 'n diep geestelike doel. Die dissipels op die skip se oë word verborge gehou sodat die Here ons op Hom wil laat wag. Die Here het sy dissipels juis na hierdie gebied gestuur, dat Hy hier na hulle sal kom. En toe die wag, vir dae alreeds, die nag se wag dat daar tog net 'n paar vissies gevang kan word. Die oog wat Jesus nie dadelik moes herken nie, word verborge gehou, sodat Jesus self die oorgang kan bewerk. Die oorgang van gooi die net aan die ander kant, die oorgang van 'n net sonder vis, na 'n net so vol van vis wat hulle nie kan trek nie.

Hoe lyk dit wanneer daar in u lewe 'n wagtyd is. Ons wag nou-al 2000 jaar dat die Here moet kom. Kan u nog die verborge toekoms inwag? Die Een verwag wat in die verborgene is. En dan die oorgange wat die Here wil bewerk. Watter oorgange is daar in u lewe al bewerk. Wel die oorgang van die verborgene na die geopenbaarde?

Ds. P.J. Venter Outjo/Otjiwarongo/Biermanskool)